

Titel: Ek behoort
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 24 Oktober 2010
Tyd: 09h30



a) Paaie van vrede

Jer 6:16

So spreek die Here: Staan op die weë en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.

2. Is

- Relevant vir vandag (Absoluut vs Relatief)
- Reg om “curveballs te hanteer”
- iets wat geleer moet word
- Ononderhandelbare beginsels

b) Plek in die Vader se hart

1. Nalatenskap

- Erfenis van Vrede
- Identiteit
- Lewensbestemming
- Gesag
- Die Vader se Bevestiging van seunskap

2. Seunskap/Kindskap

- Seremonie
- Aanneming
- Erfenis van seën

3. Ongeëwenaarde heerlikheid

- Jy is vooraf bestem
- Jy is geroep
- Jy is regverdig gemaak
- Jy is verheerlik

4. Openbaring van liefde

Efes 3:14-21

¹⁴ Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, ¹⁵ van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, ¹⁶ dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, ¹⁷ sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, ¹⁸ en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, ¹⁹ en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. ²⁰ En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, ²¹ aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

Rom 8:35-39

³⁵ Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? ³⁶ Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. ³⁷ Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. ³⁸ Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge ³⁹ of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.